Die meesleurende krag van Liefde

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skrif: Joh.13:34-35

Inleiding

Toe ek ’n student was, het die manne in my koshuis vir mekaar nogal innoverende byname gegee. **Amper elkeen het ’n bynaam gehad**. So twee kamers van my af het my vriend Michael gebly. Michael het ’n redelike fris “high-fi” gehad. Nou julle weet hoe dit gaan in ’n koshuis gang. Sekere tye is die manne in ’n vrolike luim. Veral as jy ’n rugby wedstryd gewen het teen ’n ander universiteitskoshuis! Dan sit die manne hulle hoë trou stelle bietjie harder as gewoonlik. Met so ’n paar hoë trou stelle ’n paar meter van mekaar in dieselfde gang, met verskillende melodieë wat op top volume speel kan dit nogal woes klink, maar jy raak dit ook gewoond! Michael het altyd die manne ore aangesit want sy kontrepsie was so fris dat hy op die studente se kampus-sokkies (dis nou die dansbaan), musiek gemaak het. Dan het hy die volume knoppie net so een kliek aangedraai en die ander manne se musiek oordonder. Hy het gou-gou die bynaam “**High- Fi**” gekry! As jy sê gaan vra vir “High-Fi” het almal geweet van wie jy praat. Daar was ook ’n ander ou in my gang. Sy naam was Frikkie. Die ou het na ’n rugby “game “wat ons gewen het gewoonlik die “wen” gaan vier. Die probleem is dat Frikkie later alles “gevier” het. Hy het amper nooit opgehou nie. Later van jare het ou Frikkie baie pelle in die koshuis gehad. Hy het toe die bynaam gekry “**Vir-n-rukkie-nugter**”. Ek het ook ’n bynaam gekry. Ek was ouderling in die koshuis, het bidure vir die manne gehou, probeer keer dat die ouens nie die spoor byster raak nie en boonop teologie geswot. Dit was onvermydelik dat die manne my gou-gou “**Dominee**” gedoop het. Ons het mekaar nie kwalik geneem oor ons byname nie. Elkeen se bynaam het iets van homself en sy rol gesê. **Jou bynaam het eintlik gesê waarvoor jy bekendstaan. Dit het deel van jou identiteit geword**. Hierin sit ’n groot les te leer. Elke mens kry onwillekeurig ’n sekere identiteit deur sy manier van optree en lewe. Die Woord van God wil ons vandag tot stilstand bring en vra,

wat is jou persoonlike identiteit? Hoe ken mense jou as Christen? Wat is jou gemeente se identiteit? **Waarvoor staan die gemeente waarvan jy deel is, bekend?**

1. Ons Christelike identiteit

By geleentheid het Jesus sy dissipels bymekaar gemaak en aan hulle vertel wat Sy begeerte is waaraan Sy volgelinge uitgeken behoort te word. Sy volgelinge behoort almal dieselfde kenmerkende identiteit te hê. **Jesus het begeer dat daar 'n uitstaande kenmerk moet wees waarvoor sy dissipels (volgelinge) bekend moet wees!** Ons lees dit in **Joh.13:34-35** *" Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle lief het, moet julle mekaar ook liefhê.* ***As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."***

- Hoor mooi: *"As julle (1)**mekaar liefhet**, sal almal weet dat julle dissipels van My is."*

Hoe weet ek dat iemand 'n dissipel van die Here is? Ek moet dit aan sy liefde vir sy medemens kan sien. **1 Joh.3:18** sê: *Liewe kinders ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word en dan in opregtheid."* Die manier hoe ons as gelowiges in die gemeente onderling teenoor mekaar optree, die manier hoe ons mekaar in liefde bedien sê alles van ons ware liefde vir God! Hierdie liefde kan nie geveins word nie. Dit help nie ek is vir een of twee keer oulik teenoor iemand van wie ek hou nie maar die res van die jaar behandel ek hom of haar sleg nie! Die manier hoe ons mekaar in ons huisgesinne hanteer sê iets van ons liefde vir mekaar, maar veral sê dit iets van ons liefde vir God.

Die ding wat my die ergste ruk, is **die feit dat Jesus Sy standaard van liefde betoning baie hoër maak as wat ek of jy ooit daaroor dink**. Jesus maak dit duidelik dat omgee liefde nie net aan ons Christenvriende betoon moet word nie, maar ook (2) **aan vreemde mense.**

- Lees saam met my **1Joh.4:20-21** *"As iemand sê: "Ek het God lief, " en hy haat sy broer, is hy'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie lief het nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie."*

- Jesus gaan dan nog 'n stap verder. Hy sê **jou ware liefde vir God word eintlik weerspieël in jou (3) <u>liefde vir jou vyande</u>!** Jesus weet, die wat Hom waarlik lief het, sal nie sukkel om alle ander mense lief te hê nie!

- Lees saam met my **Mt.5:43 -47:** *"Julle het gehoor dat daar gesê is: Jou naaste moet jy liefhê en jou vyande moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir die wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel."… "As julle net die liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag? Maak die tollenaars nie ook maar net so nie?"*

- Die **radikale liefde van Jesus** se navolgers, is reeds dit wat die wêreld se aandag vasgryp. Sulke liefde is ongekend. In die wêreld veg elkeen vir homself en vir die res voel ek vere. Hierteenoor behoort God se kinders na elke stukkende sukkelende mensie met tere omgee liefde uit te reik! (Ek praat nie van kerk aksies nie. Ek praat van jou persoonlike lewe daar waar jy elke dag leef en werk!

Dink vir 'n oomblik aan 'n persoon wat jy glad nie kan vat nie. Wat jou kwaadmaak en irriteer. Hoe lief is jy vir daardie persoon? Hoeveel liefde betoon jy vir daardie persoon? Die liefde wat jy vir daardie persoon gee, sê Jesus is 'n goeie weerspieëling van hoe jou en my liefde vir God lyk!

Kom ons wees eerlik. Ons sukkel om ons vyande lief te hê. Ons sal hulle eerder beskinder! Dit beteken ons sukkel om God waarlik lief te hê! Wil jy nie vir 'n oomblik nadink oor jou skamele liefde vir God nie? <u>Daar is dalk nog baie ander simptome wat dit bevestig. Bv. my gebrekkige stiltetyd. My afskeep gebedsverhouding met God.</u> Nog 'n simptoom is dalk die feit dat ek my passie vir God verloor het. Dalk die feit dat ek my medegelowiges seermaak deur kwaad te praat van hulle ens. Wil jy nie nou saam met my stil word en God om

vergifnis smeek nie? Dalk begeer jy om nou ’n belydenis teenoor God te doen dat jou liefde vir God werklik afgekoel het.

Smeek God om ’n geestelike herlewing in jou eie lewe! Vra Hom om jou met nuwe oë na jou medemens te kyk en met omgee liefde na almal uit te reik!

2. Liefde is die fondament vir geestelike herlewing

Herlewing beteken dat Christen mense wat vroeër lewend was, maar teruggeval het na ’n koue, dooie toestand, weer lewend gemaak word. **Geestelike herlewing begin binne my hart wanneer my liefde vir God weer deur die Gees aangeblaas word**. **(Opb.2:4-5** *“Maar Ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie. Dink daaraan hoe ver julle al agteruit gegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het.”)*

Wanneer ek en jy op daardie punt in ons lewe kom dat ons honger en dors na ’n diepe en innige verhouding met God, is dit niks anders as *die Heilige Gees wat ons na ’n liefdesverhouding met God laat hunker nie*. Dit is dan wanneer niks anders vir jou meer kosbaar, as God self is nie, en jou liefde vir God jou tot bewondering en aanbidding van God bring. Dit is dan wanneer jy God met niks wil teleurstel nie. Jy wil jou graag in Sy diens weggee en vir Hom alleen lewe en sterwe. Rom.12:1 sê ons gee onsself aan God as lewende en heilige offers.

Iemand wat vir God lief het en vir God alleen leef het reeds op die punt gekom waar ons alles vir God weggegee het. Om dus jou liefde en hulpvaardigheid vir iemand vreemds of selfs jou vyand te gee, maak dus nie regtig verskil nie.

Wanneer ons net sekere mense liefhet wat ons liefhet, en die ander wat ons nie liefhet nie ignoreer of erger nog, beskinder en koud en klinies hanteer, moet die gevaarligte aangaan. Dan is ek eintlik besig met self-liefde! Dan dien ek eintlik my eie belange en nie God se belange nie!

Geestelike herlewing is dus ook ’n liefdesherlewing wat die Gees wat in my woon, in my hart kom opwek. **Dit is die Gees van God, wat my weer bewoë maak oor my sondige selfsugtigheid en my laat hunker na ’n ware verhouding met God.** Wanneer ek op hierdie punt kom, en by die kruis gaan kniel en myself en alles wat ek is reserweloos weggee vir God, kan die Heilige Gees wat in my woon, my aanwend soos God dit wil hê. ***Dan neem God self beheer oor my lewe oor en word die krag van die Gees en die liefde van God vir die eerste keer waarlik sigbaar in ons lewens!*** Dan is ons in die posisie en in die verhouding waar God ons kan gebruik. Volkome afgesonder en toegewy vir God se diens.

Ons maak dikwels die denkfout om vir herlewing te bid asof dit ’n krag is wat oor ons gaan val. **Geestelike herlewing begin binne my hart wanneer my liefde vir God weer deur die Gees aangeblaas word en ek in ’n brandende verhouding met God begin wandel.** God kan my dan op bonatuurlike wys gebruik omdat ek volkome oorgegee aan God leef. My aandag is by God, my fokus is op Hom, om Sy stem (wil) te hoor en aan Hom gehoorsaam te leef!

Getuienis:

Ek het die week in my studeerkamer ‘n man en vrou gehad wat meer as ‘n jaar gelede ‘n geestelike verdieping in hul verhouding met God beleef het. Sedertdien wou hulle so graag met hul lewe voluit vir die Here leef. Hulle liefde vir God het meer en meer toegeneem. Hulle het op daardie stadium finansieël swaar gekry. Hulle begeerte was om God nou ook deur hul besigheid te dien! Dertien maande gelede het God in ‘n droom aan hulle openbaar dat Hy hulle op ‘n besondere wyse gaan gebruik. Hulle kon die droom nie verstaan nie, maar het daaraan vasgehou dat God hulle wel ‘n kans gaan gee om iets spesiaal vir hom te doen. Hulle moes intussen weens finansiële druk en werksomstandighede uit Potchefstroom verhuis. Die droom het heel tyd in hul gedagtes gebly. Hulle het kort-kort daaroor gebid. Hulle kon nie verstaan wat God aan hulle wou sê nie. Hulle het my onlangs geskakel en ‘n afspraak met my gemaak om my in Potchefstroom te kom sien. Ek was onbewus van hul droom en gebedsworsteling met God. Hierdie week toe hulle by my studeerkamer instap het ek gesê dat voordat hulle begin praat ek eers iets wil sê wat die Here vir my die vorige aand gegee het om aan hulle mee te deel. Ek het toe met hulle begin praat oor wat God besig was om te doen en wat ek oortuig is Hy vir my gesê het om aan hulle mee te deel. Daar het trane in hul oë gekom. Hulle het skielik besef die afspraak is deur God gereël. Hulle het God daar in my studeerkamer ontmoet en besef wat die droom se betekenis is wat God dertien maande terug vir hulle gegee het. Hulle het besef alles het in plek geval. Die vroutjie het net gesit en huil. Die man was verbaas en oorweldig oor God se grootheid. Hulle kon nie glo dat God so almagtig is om alles vooruit te beplan soos wat dit gebeur het nie! Hulle het daarna die droom vir my begin vertel. ‘n Droom om iets groot vir God te doen het in hul lewe waar geword! Hulle het die uitleg daardie oggend begryp toe alles in die praktyk in plek val. Hulle was oorstelp van vreugde... (Tyd ontbreek my om die inhoud van die verhaal nou met u te deel). Ek vertel dit as voorbeeld om te bevestig:

Geestelike herlewing begin binne my hart wanneer my liefde vir God weer deur die Gees aangeblaas word en ek in ’n brandende verhouding met God begin wandel. God kan my dan op bonatuurlike wys gebruik omdat ek volkome oorgegee aan God leef.

3. Wanneer God werk trek dit mense nader

Ware herlewing is die werk van Gods Gees. Dis waar, die Here gebruik mense in ’n herlewing, maar waar herlewing uitbreek, verdwyn die mense op die agtergrond. Niemand praat eintlik van hulle nie; almal praat van die groot dinge wat die Here gedoen het. Alle kinders van God wil graag deel wees van God se werk. **Die Gees wat in ons woon skep by ons die begeerte om God met ons lewens te verheerlik.**

- **Wanneer God werk, sien mense dit raak en stroom hulle nader**! Selfs die passiewe toeskouers raak opgewonde! Daar is altyd iemand wat opgewonde raak en aansluit by dit wat God besig is om te doen. **Wanneer God werk, trek dit mense van verbasing nader.**

<u>Voorbeeld uit die Bybel:</u>

- **Elia op die berg Karmel.** *Elia het op bevel van die Here die Hele volk byeengebring op die berg Karmel. God het Homself na ‘n tydperk van gebed op wonderbaarlike wyse aan die volk openbaar deur die water nat altaar uit die hemel aan die brand te steek. Die volk het daarna die afgod Baäl verwerp. Die hele volk het op hul knieë geval en uitgeroep: “Die Here is God! Die Here is God!”*
- **Herlewing in SA.:** *Met **die Herlewing op Swellendam in 1923**, het die Heilige Gees mense by ‘n doodgewone oggend erediens tot ‘n diepe sondebesef gebring. Dit het daartoe gelei dat sommige gemeentelede tot God begin bid het en hul sonde spontaan begin bely het. Hulle het weer die Sondagaand kerk toe gekom. Die mense het daarna al meer kerk toe gekom en by elke diens het mense hul tot God bekeer. Die nuus het vinnig versprei. Van oral het mense gekom. Die leraars het later ‘n ekstra reekse eredienste begin hou om in die behoefte te voorsien.*

<u>Voorbeeld:</u> Hierdie week het ek ’n nuwe lidmaat besoek wat aan die teenoorgestelde kant van die stad woon. So tussen ons gesels deur het ek

agtergekom dat sy ’n pragtige verhouding met die Here het. Ek het vir haar gevra: “Waarom doen jy al die moeite om van die eenkant van die stad na die ander kant van die stad te ry om by Miederpark te kom aanbid? Haar antwoord het my byna bewoë gehad. Sy het gesê: “Ek ervaar sedert die begin van die jaar dat iets groots aan die kom is in Miederpark. **God beplan om iets groots in hierdie gemeente te doen en ek wil nie “uit mis” as dit gebeur nie!** Iemand wat so praat het ’n verlange na geestelike herlewing. Ek het bewus geword van haar verlangende liefde na God. **God se Gees is onmiskenbaar besig om tussen ons mense te werk en menige mense se lewens is besig om te verander!**

Wanneer jy bid en verwag dat God herlewing in jou hart sal stuur, sal God jou gebede verhoor! ***1Joh.5:14-15*** **“***En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.”*

4. Verklaar jou liefde vir God, onbeskaamd!

Een ding wat my opval van verliefde paartjies, is dat hulle nie skaam is om hul liefde aan mekaar te betoon nie. Verliefde paartjies sal mekaar se hande vashou, mekaar innig omhels, mekaar soen, liefdesbriefies skryf en oneindig met mekaar kommunikeer. Hulle omgaan met mekaar is ’n onbeskaamde liefdesverklaring. Hulle probeer dit nie wegsteek nie, want hulle is nie skaam dat hulle verlief is op mekaar nie. Dis vir hulle lekker. Dit is ’n vreugde gevoel! Al wat nou vir hulle saak maak, is die een op wie hulle verlief is! Hulle leef vir mekaar!

Die Woord van God wil ons aanmoedig om God onbeskaamd lief te hê! Het jy God onbeskaamd lief? Is jou liefde vir God alles oorheersend in jou lewe?

Voorbeeld: Toe ek in my studente jare met my vroutjie (Martie), gesleep het, was ons dolverlief op mekaar! Dit was vir my opvallend hoe graag ons mekaar gelukkig wou maak. Ons het geen moeite ontsien om mekaar se harte gelukkig te maak nie. Ons het mekaar nie net bederf met klein geskenkies en briefies en sjokolade nie, nee ons het selfs verder gegaan! Sy sou selfs vir my vra of ek hou

van die klere wat sy aantrek. Sy sou selfs ure voor die spieël sit en haar hare versorg, presies soos wat sy weet ek daarvan hou. Dit was vir my "amasing"! Ek kon nie glo dat sy so aanpas by my nie. Een Desembervakansie het sy saam met my en my ouers vakansie kom hou. Ek was dol oor visvang. Ek het soms tot twee uur in die oggend opgestaan en gaan visvang. Julle sal nie glo nie, sy het saam met my opgestaan en selfs 'n piekniekmandjie gepak en heelnag in die koue langs my gesit en wag vir 'n vissie! *(Dis net jammer toe sy die trouring aan haar vinger het en ek die volgende vakansie sê kom ons gaan vang vis, het sy gesê gaan jy maar alleen. Ek het myne klaar gevang! Sug… gelukkig bly ek lief vir haar!)*

Die punt wat ek wil maak is ***dat ons liefde vir mekaar so groot was, dat ons bereid was om baie dinge op te offer vir mekaar. Ons karakter is selfs deur mekaar se insette geslyp en verander!***

- **Verklaar jou liefde vir God deur die Gees toe te laat om jou karakter te verander soos God dit wil hê!** Verklaar jou liefde vir God deur jou lewe vir God weg te gee! Paulus verklaar in **Fil.3:8 "***om Christus Jesus, my Here te ken, oortref alles in waarde. Terwille van Hom het ek alles prysgegee…"*

- **Verklaar jou liefde vir God deur te getuig van wat God vir jou beteken!** (Hoe vars is jou getuienisse? Hoe onlangs het jy getuig van iets vars wat God vir jou gedoen het?)

- **Verklaar jou liefde vir God deur Hom te aanbid!** (Hoeveel tyd bring jy deur om God te aanbid? Ek praat nie van ons gewone versoeklysies nie. Hoeveel tyd van jou stiltetyd bring jy in die aanbidding van God deur?)

- **Verklaar jou liefde vir God deur Sy Woord gehoorsaam te leef!** (Neem een Christelike waarde uit die woord en neem 'n wilsbesluit om dit prakties te begin leef. Voorbeeld: Vrydag het 'n man uit Carletonville gekom. Hy het 'n wilsbesluit geneem en al die pad na Potchefstroom gery om 'n deel van sy inkomste vir God weg te gee vir sendingwerk! Hy het wilsbesluit geneem om gehoorsaam te raak aan God se Woord en sy deel gebring om 'n verskil te maak.)

- **Verklaar jou liefde vir God deur vir Hom te sing!** (Wanneer laas het jy onder die stort vir God gesing?)

- **Verklaar jou liefde vir God deur jou medemens met omgee liefde te dien!**

Ek luister hierdie week na die **verhaal van ’n vroutjie**. Sy vertel van ’n tyd in haar lewe toe sy in ’n ander stad gewoon het. Sy het bitter swaar gekry. Vrou alleen met kinders om na om te sien. Sy was sonder geld en het bitter min gehad om van te leef. Die diaken van die kerk waaraan sy behoort het, het elke maand kom kollekteer. Sy het niks gehad om te gee nie. Sy het gesmag na liefde en ondersteuning uit haar eie gemeente, maar niks gekry nie. Na ’n lang tyd van swaarkry het sy uiteindelik die kerk verlaat. Sy was stukkend en hartseer. Later het sy liefde en ondersteuning by ander gelowiges buite die kerk gekry. Sy vertel watter impak hierdie liefde en hulpverlening in daardie tyd vir haar beteken het. Hulle liefde het gehelp dat sy nie moed op gee nie. Hulle het haar lewe gered en haar terug gelei na God!

Sy het intussen na Potchefstroom verhuis. Ek dank die Here dat sy onlangs by ons gemeente kom aansluit het en my die week met haar getuienis herinner het hoe kosbaar omgee liefde en versorging deur medegelowiges is! **Onthou wanneer jy iemand in nood met omgee liefde bedien, doen jy méér as om daardie persoon te versorg. Deur iemand in liefde te bedien, verklaar jy eintlik daarmee in die openbaar jou oneindige liefde vir God!** Die Here sê in **Mt.25:40** “*Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.*”

Wie lê die Here nou op jou hart om met liefde te gaan bedien? Wil jy nie vandag uitreik na iemand wat jou glad nie verwag nie en iets spesiaals vir daardie persoon gaan doen wat hom of haar laat besef: “God het my nie vergeet nie. God het my nog lief!” Plaas dan daardie persoon op jou gebedslysie en hou aan bid.

Die Gees pleit by ons: Begin vandag om jou radikale liefde vir God en jou naaste te leef. ***Amen***